

JAARVERSLAG VRIENDE VAN AFRIKAANS 2010 - 2011

Voordat ons begin met hierdie verslag, vra ek u om saam met my vir 'n minuut lank te dink aan die twee kosbare lede, mnre Gideon Joubert en Willem Dempsey, wat ons aan die dood afgestaan het.

Missie

Ons strewe is die behoud en uitbou van Afrikaans en sy funksies. Ons bring mense in kontak met Afrikaans, bevorder die gewildheid en gebruik daarvan en oortuig firmas/instansies wat hul gebruik van Afrikaans afgeskaal het, om daardie beleid te hersien. Ons fokus ook sterk op die behoud van moedertaalonderrig op alle vlakke. Ons werk saam met enige instelling met dieselfde doelwitte, en bevorder dus veeltaligheid, vermy duplisering van aksies en vermorsing van middele. Ons het die afgelope aantal jare hard gewerk daaraan om die beeld te skep van 'n doen-organisasie wat met interessante en betekenisvolle projekte besig is ter wille van almal wat Afrikaans praat.

Adres van Hoofkantoor

Fisiese adres: Banghoekweg 115, Stellenbosch, 7600.
Posadres: Posbus 3256, Matieland 7602

Betaalde amptenare

Mev. Amanda de Stadler is vanaf Junie 2002 aangestel as Uitvoerende Beampte. Mev Phia van der Westhuizen is in Januarie 2005 aangestel as administratiewe beampte. Sy verlaat ons aan die einde van die jaar (Des 2011) om 'n boervrou in die Bonnievale-distrik te word.

Kantoortoerusting

Die huidige toerusting wat aan die Vriende behoort, bestaan uit 'n faks- en antwoordmasjien, telefoon, twee rekenaars, 'n eksterne hardeskyf, twee drukkers, twee waaiers en twee olieverwarmers. Ons het die afgelope jaar een rekenaar vervang. Al die meubels behoort aan die Universiteit en dr. Louise Combrink.

Webwerf en e-posstelsel

Ons bedrywighede en dienste word wêreldwyd bekendgestel op ons webwerf en d.m.v. ons nuusbrief. Ons gebruik as logo 'n **boompie** ontwerp deur **Piet Grobler**.

Spitsraad

Lede van die VVA-spitsraad dien op die direksies van verskillende organisasies wat ons doelstelling van netwerkskepping bevorder. Daarbenewens is van die spitsraadlede lede van 'n wye spektrum organisasies soos die ATR, ES, WAT, AB, DK, Akademie vir Wetenskap en Kuns, ATM, Xhosafrika-netwerk, NTLA, ens.

Die **Spitsraad** van die VVA bestaan tans uit die volgende lede:

- Dr Louise Combrink (voorsitter)
- Izak Lessing (tesourier en ondervoorsitter)
- Nolte Smit (notulerende sekretaris, hanteer taalaksie)
- Hennie van der Merwe
- Rina Grové
- Carel van der Merwe
- Elsa Olivier
- Dr Alta Coertzen (voorsitter Musiekkomitee)

Elize Fortuin (nuutste lid van die Spitsraad)
 Collena Blanckenberg (ad hoc-lid, hoof van die span aanbieders van ons slypskole
 almal verbonde aan die US)
 Amanda de Stadler (Uitvoerende Beampte)
 Phia van der Westhuizen (administratiewe en rekenpligtige beampte).

Gideon Joubert en oom Willem Dempsey was die laaste jare voor hulle dood rustende lede wat vanweë swak gesondheid nie meer aktief kon deelnaam aan die VVA-aktiwiteite nie. Ten spyte hiervan was hulle steeds geïnteresseerd in die doen en late van die VVA.

Ons soek baie lank reeds na 'n lid wat ander Afrikaanssprekende gemeenskappe op die Spitsraad kan verteenwoordig. En uiteindelik het ons Elize Fortuin ontmoet, en nadat ons haar leer ken het, het ons haar gekoöpteer o.g.v. haar onderwyservaring, projékbestuurservaring, die deure wat sy vir die VVA kan oopmaak om toegang te kry tot ander taalgemeenskappe. En dan natuurlik ook haar verbintenis met die ATKV.

Die huidige lede van die Spitsraad het hulle bereid verklaar om vir nog 'n dienstermyn op die Spitsraad te dien. Ons het dus geen nominasies aangevra nie aangesien daar nie op hierdie stadium nog Spitsraadlede nodig is nie.

Vrydagbrief

Bedankings

Ons wil graag al ons **borge** (nasionaal en internasionaal) bedank vir die vertroue gestel in die doen en late van die Vriende. Sonder hulle finansiële en ander tipes ondersteuning is wat ons doen gewoon onmoontlik.

Dan wil ek ook die lede van die **Spitsraad** bedank vir hulle toewyding en harde werk. Hulle is toegewyde mense wat hulle tyd onbaatsugtig, sonder eie agendas en met styl aan die VVA gee. Dis 'n wonderlike span om mee te werk.

En dan veral vir **Amanda** (ons Uitvoerende Beampte) en **Phia** wat altyd veel meer doen as wat in enige werksbeskrywing staan.

Nuusbrief: *Doendinge vir Afrikaans:*

Die oplaag van DD het verhoog na 3400 en word steeds vier keer per jaar na skole en individue landwyd versend. Ons stelsel van kontakpersone landwyd wat elk 12 nuusbriewe ontvang en dit dan uitdeel aan belangstellendes in hulle dorpe, het uitgebrei tot **167**. Met die hulp van hierdie vrywilligers word 2004 mense bereik sonder ekstra posgeld. Elektronies word *Doendinge* na die FAK, Jong Dames Dinamiek, AB-afdelings, die Dameskring, ens. en na verskeie lede en belangstellendes binnelands en buitelands gestuur. Die verskillende verenigings versprei dit dan verder onder hulle lede. Ons ontvang gereeld bedankingsbriewe vir die interessante nuusbriewe.

Takke

Daar bestaan VVA-takke in Jeffreysbaai, Helderberg, Kleinmond, Paarl en Soweto. Geen nuwe takke is die afgelope jaar gestig nie. Dit lyk nie of daar eintlik enige geesdrif is vir die skep en ontwikkeling van takke nie. Van die vroegste takke het ontbind, bv. Wellington, Durbanville, Stellenbosch en Welgemoed vanweë te min belangstelling vir die soort aksies. Ons vind dat belangstellendes hulle ledegeld as 'n donasie sien waarmee hulle sê dat hulle

ondersteun wat ons doen en dat ons daarmee moet voortgaan. Hulle wil die nuusbrieff ontvang, maar stel nie belang in vergaderings en notules nie. Een so 'n voorbeeld is dr Eugene Campher wat vir groot dele van die jaar in die buiteland werk, maar tog tyd kry om ons te help met bv. 'n Lotto-aansoek. 'n Ander vriend uit Oudshoorn laat weet ons dat ons kan aansoek doen vir afgeskryfde boeke by die Wes-Kaapse streekbiblioteek. So is daar nog talle voorbeelde van mense wat op hierdie manier wil bydrae tot die welwees van Afrikaans, sonder om ons vergaderings by te woon of notules te ontvang.

Takke funksioneer onafhanklik. Die takke reël plaaslik funksies ter bevordering van Afrikaans in hulle omgewing. Die meeste takke kom enkele kere per jaar bymekaar, en organiseer gewoonlik net een of twee funksies per jaar. Hulle tree op volgens die behoefte in hulle omgewing. Takverslae is nie verpligtend nie, maar is altyd welkom.

Die VVA het samewerkingsooreenkomste gesluit met organisasies (met ongeveer dieselfde doelstellings) op dorpe waar dit teenproduktief sou wees om ook 'n Vriende-tak te stig.

Grondwet

Soos besluit op die AJV 2010 is bepaalde veranderinge aan die 2008-uitgawe van ons Grondwet aangebring om te voldoen aan die 2007-wetgewing. Dit is afgehandel met 'n skrywe van SARS gedateer 20 September 2010 (Mev. Gomes) op lêer as bewys.

Vanweë veranderinge omstandighede en behoeftes en die nuwe Maatskappywet (31 Mei 2011 van krag) wat pas van krag is, sal die Spitsraad in die komende maande met die advies van prof Andreas van Wyk werk aan 'n nuwe grondwet vir die VVA wat aan die eise van die tyd en die nuwe wetgewing voldoen. Verdere kundigheid sal waar nodig na die oordeel van die Spitsraad ingekoop word. Volgens prof Van Wyk sal CIPRO (registrasiekantoor) vir die volgende paar maande onder groot druk wees.

Die kantoor het soos elke jaar 'n afskrif van ons jaarverslag en geouditeerde state aan die Departement Maatskaplike Ontwikkeling gestuur.

Die VVA is geregistreer as Gemeenskapsraad van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe

Netwerkskepping (belangrike doelstelling)

Omdat die Vriende van Afrikaans 'n relatief klein organisasie is, het ons ons die afgelope nege jaar geposisioneer binne die netwerk van die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse kultuurhuishouding. Dit val saam met ons strewe om middele strategies te gebruik en dienste nie te dupliseer nie. Hieronder noem ons enkele van die strukture of organisasies waarmee ons op een of ander manier hierdie jaar saamgewerk het.

- **Kontakpersone**
- **Deur middel van *Doendinge* word algemene inligting oor die Afrikaanse huishouding versprei.**
- **Spitsraadlede dien op rade van verskillende organisasies** (WAT, ATR, Erfenisstigting, Voortrekkermonument, DK, NTLA, Xhosafrikanetwerk SIEN VERSLAGDOENING)
- **ATKV:** skryf oor ons werksaamhede in *Taalgenoot*; neem deel aan Koop-'n-boekdag en verspreiding van boeke
- **Sasnev (Pinelands)** – SA Sentum vir Nederland en Vlaandere - versprei ons nuusbrieff en is op ons poslys

- **Biblioneef:** Hierdie boekskenkersorganisasie verskaf boeke aan verdienstelike skole in Suid-Afrika en Afrika. Daar bestaan 'n hartlike samewerkingsverband tussen die VVA en hierdie organisasie wat boeke uitstuur en die nasorg hanteer vir elke besending boeke wat deur ons befonds word. Die afgelope jaar kon ons nie boektrommels skenk nie omdat ons fondse hiervoor uitgeput is.
- **Regslui vir Afrikaans:** versprei inligting in *Doendinge*.
- **Solidariteit:** ons kon deur Helpende Hand boekies skenk vir die boektassieprojek.
- **Vrye Afrikaanse Universiteit** (Christo van der Rheede). By 'n opvolgbyeenkoms op 25 Augustus 2010 by die Huis der Nederlande is daar 'n voortsettingskomitee aangewys is wat ondersoek sal instel na die moontlike stigting van 'n Artikel 21-maatskappy sodat daar met die insameling van fondse begin kan word.
- **Casas:** Amanda woon 'n werkswinkel in Pinelands by waar die herstandaardisering van Afrikaans aan bod was. Hierdie gesprek sal deur 'n groep kundiges verder gevoer word. Aanwesig was o. a. dr Neville Alexander, dr Ernst Kotze, dr Willem Botha, dr Frikkie Lombard, mnr Tom McClachlan, prof Hein Willemse, Ria Olivier, Christo van der Rheede.
- **TBAK (Tygerbergers vir die behoud van Afrikaans in die Klaskamer):** Ons het kontak met die voorsitter, Jasper van Zyl, oor die stigting van die Afrikaanse Gesondheidswetenskappe-vaktaalmuseum op die Tygerbergkampus.
- **US Woordfees:** Ons het vanjaar 'n praatjie van David Kramer geborg oor die metodes wat hy volg om lirieke te skryf. *Basic Afrikaans* is ook tydens die Woordfees bekengestel in Erfurthuis.
- **Optredes:** Amanda het in Maart en Augustus 2010 opgetree by Azaleahof in Stellenbosch en by die DK in die Paarl.

Verslagdoening van direksievergaderings

- **Erfenisstigting:**

Die Vriende is een van die stigterslede van hierdie Artikel 21-liggaam en dien op die direksie. Amanda de Stadler is tans 'n direksielid. Hier volg enkele hoogtepunte van die afgelope jaar:

1. Die Angolese Verdedigingsattaché het genl Opperman op 4 Mei verwittig het dat hulle wel die diplomatieke nota van die Dept van Internasionale Betrekkinge en Samewerking ontvang het om te bevestig dat die RSA- regering dit sal waardeur indien die Angolese regering toestemming aan die Ebo Trust sal gee om met die opgrawing en repatriasie van die Ebo vier voort te gaan. Die Attaché het voorts bevestig dat die saak reeds aan hul prinsipale in Luanda voorgelê het en dat hulle nou wag op 'n antwoord daarop. Dit kan natuurlik nog 'n tydjie neem, maar die Attaché was baie positief dat daar nie verdere probleme behoort te wees nie. Die oorskot van die vier soldate sal dus hopelik binnekort aan hulle families oorhandig kan word.
2. Die Departement van Kuns en Kultuur het pas ingestem het om 'n bedrag van R750 000,00 beskikbaar te stel vir aanwending deur die Erfenisstigting tov die herstel en instandhouding van konsentrasiekampkerkhoe landswyd. Dit word gedoen ter uitvoering van die Memorandum van Ooreenkoms wat in Januarie 2011 tussen die Erfenisstigting en die SA Erfenishulpbronagentskap gesluit is, in terme waarvan die verantwoordelikheid vir sodanige kampkerkhoe aan die Erfenisstigting oorgedra is. Die Retiefhuis in Riebeeck-Oos en die Voortrekkerbegraafplaas in Ohrigstad is ook intussen oorgeplaas na die ES.
3. Die situasie by NALN word met groot omsigtigheid hanteer nadat die staat nie die ES se kontrak as diensverskaffer verleng het nie. 'n Aantal groot donateurs het hulle skenkings bevries tot tyd en wyl die dooiepunt besleg kan word. Intussen word die gevaar geloop dat die afgelope jaar se harde werk tot niet kan gaan.

4. Die bou van 'n opvoedkundige sentrum op die gronde van die VTM word nou in die vooruitsig gestel.

- **Afrikaanse Taalraad (ATR)**

Die ATR het in Oktober 2010 sy eerste AJV gehou in die Kunstekaap, Kaapstad. Dit het saamgeval met die onderwyskonferensie wat deur die ATR aangebied is.

Die **Bestuur** van die ATR bestaan tans uit:

Wannie Carstens (Voorsitter), Michael le Cordeur (ondervoorsitter), Karel Prinsloo, Amanda de Stadler, Alana Bailey, Christo van der Rhee, Hennie de Wet, Gerrit Brand, Pi rre Theron, Hendrik Theys, Waldy Kastoor, Anzil Kulsen, Karen Hauman, Danny Titus, Jacques van der Elst (HUB), Dione Prinsloo (noordelike ko rdineerder) en Ria Olivier (suidelike ko rdineerder). Die ATR-kantoor is tans gevestig by die Akademie in Pretoria.

Die ATR het die afgelope jaar baie blootstelling gekry: Kyknet, RSG, onderhoude met joernaliste, persverklarings en suksesvolle intervensies (bv. Raad op Finansi le Dienste en die Vereniging van Finansi le Tussengangers is oortuig dat hulle eksamens wel in Afrikaans afgel  mag word). Tans maak mnr Cerneels Lourens in opdrag van die ATR 'n hofsaak teen die staat oor die diskriminerende toekenning van die Fundsa Lushaka-onderwysbeurse.

Die ATR is die sambreelorganisasie vir organisasies wat gemoed is met Afrikaans. Die ATR het heel bepaalde take. Een daarvan is om kontak te maak met die buiteland. Dit het gelei daartoe dat die Nederlandse Taalunie Afrikaans amptelik onder sy vleuels geneem het en dat daar van 17-19 Junie 2011 'n Afrikaanse fees in Amsterdam, Nederland gehou word met kunstenaars soos Chris Chameleon, Amanda Strydom, Ni l Rademan, David Kramer, Breyten Breytenbach, Ronelda Kamfer, Temba Ndimande en en EKM Dido.

Een van die belangrikste projekte van die ATR is die **Taaloudit** (onder leiding van dr. Karel Prinsloo) wat deur die SA Akademie van Wetenskap en Kuns geadminestrer en gehuisves word. Tydens die afgelope direksievergadering wat op 10 en 11 Maart 2011 in Stellenbosch gehou is en die VVA die gasheer was, het dr Prinsloo die afgehandelde **Kerkoudit** bekendgestel. Op Vrydagmiddag 11 Maart en Saterdagoggend 12 Maart 2010 het die ATR 'n Jeugberaad gehou in die Kweekskool van die US. Sowat 60 studente het dit bygewoon. 'n **Jeugtak** van die ATR is daar gestig en 'n konferensie word op 18 Junie 2011 gehou.

Die navorsingskomitee van die ATR onder leiding van dr Karel Prinsloo het op 3 Junie 2011 op die OR Tambo-lughawe vergader. Teenwoordig was Karel Prinsloo (sameroeper), Theodorus du Plessis, Vic Webb, Christo van de Rhee, Jacques van der Elst, Dion  Prinsloo (notulering). Afwesig was Marlene Verhoef en Wannie Carstens. Die doel van die samespreking was om te bepaal hoe die hersiening en bywerking van die ATR se taalstrategie ten beste aangepak kan word.

Die AJV van die ATR is op 3 Oktober 2011 in Bloemfontein.

'n E-nuusbrief, die *Koker*, word re lmatig aan lidorganisasies gestuur met inligting oor die w reld van Afrikaans.

- **Xhosafrika-netwerk**

Hierdie netwerk is die inisiatief van Praesa, die SBA en PANSAT met die oog op 'n veeltalighedsliggaam. Klem is geplaas op die samewerking tussen hierdie twee taalgroepe

en wat bymekaar geleer kan word. Amanda de Stadler dien op die loodskomitee. Daar word op 26 en 27 Augustus 2011 'n isiXhosa-konferensie in die Kunstekaap gehou.

- **Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)**

Daar bestaan hartlike samewerking tussen die VVA en die WAT. Gedurende die verslagjaar is *Basic Afrikaans* gesamentlik deur die VVA en die WAT uitgegee.

As een van die direkteure woon dr. Combrink die direksievergaderings by. Die gebrek aan fondse bly 'n groot kwessie. Gelukkig het die WAT 'n klompie geld by die Nasionale lotery gekry, maar nog geensins genoeg om teen die verwagte tempo te kan vorder met die woordeboek nie. Daarbenewens word daar van die personeel verwag om nasionaal en internasionaal op te tree en publikasies te lewer waarmee fondse verdien kan word. Die Universiteit van Stellenbosch wat die WAT op die kampus huisves, het vanjaar R1 miljoen aan die WAT geskenk. Ander Afrikaanse universiteite behoort uitgedaag te word om dit ook te doen aangesien die WAT nie net die US se verantwoordelikheid is nie.

Om fondse in te samel, het die WAT vanjaar die baie geslaagde veldtog, Borg-'n-Woord geloods. Daarmee het hulle R399473,50 ge'in.

Jaarlikse projekte

- Die sewende **Johan Combrink-gedenklesing** is vanjaar op 4 Februarie 2011 in die Jannasch-saal aangebied. Die spreker was prof Marlene Verhoef wat ingestaan het vir prof Theuns Eloff. Die aand is bygewoon deur ongeveer 150 mense. Dit word elke jaar gehou as deel van die Vriende se missie om inligting oor Afrikaans te versprei en die gesprek oor Afrikaans aan die gang te hou. Volgende jaar sal prof Jonathan Jansen, rektor van die UV as spreker optree op Donderdag, 9 Februarie 2012.
- Om saam te val met GRA-dag en die Afrikaanseweek in Augustus, het die Vriende weer 'n "**Koop-'n-Afrikaanse-boek-dag**" op 14 Augustus **2010** gereël. Volgens die boekhandelaars wat deelgeneem het (Protea Boekhuis, Nasou, Wordsworth, Fascination Books, Bukhuki (Somerset-Wes), PNA, ens.) was dit 'n groot sukses. Ons het ook steun van *Die Burger* gehad met nuusdekking en gratis reklame-artikels. Die dag het al in so 'n mate ontwikkel dat boekwinkels, skole en ander instansies dit vir hulleself begin toe-eien het en op eie inisiatief optree. Vanjaar is Koop-'n-boekdag op Saterdag 13 Augustus. Leserskring, Bargain Books asook Exclusive Books neem ook vanjaar deel. Dit beteken dat al die groot kettingboekwinkels nou deel is van die veldtog. Die Augustus-uitgawe van *Rooi Rose* dra 'n artikel hieroor en *Die Burger* gaan weer vir ons gratis plakkate druk. RSG het ook hulle steun beloof.
- Jaarliks word **boekpryse** gegee aan leerders wat presteer in Afrikaans aan matriekleers in 12 skole in en om Stellenbosch.
- Die VVA borg jaarliks die prysgeld van die **Redenaarsfees** wat deur Laerskool Stellenbosch aangebied word.

Fokus op verskaffing van boeke

Van boektrommels na boekewoeker:

Daar bestaan 'n geweldige behoefte aan boeke, maar daar is min fondse. Omdat ons geen fondse kon vind vir boektrommels nie, het ons ander planne gemaak.

- Ons het in September 2010 'n beroep gedoen op lede en ander weldoeners om te help dat ons kan deelneem aan *Helpende Hand se Boektassieprojek*. 'n Oorweldigende reaksie lei daartoe dat ons R22 500 in Helpende Hand se rekening kon inbetaal sodat minderbevoorregte kinders elk hulle eie leesboekie kon kry. Die boekies is gekoop by die *Sunday Times* wat met die hulp van groot donateurs 'n goedkoop publikasie kon laat druk in 4 tale.
- Ons het by die Worcester Streekbiblioteek letterlik 'n bakkievrag biblioteekboeke wat afgeskryf is, maar nog steeds baie bruikbaar is, gaan oplaai. Uit hierdie voorraad kon ons in samewerking met die Stellenbosch-tak van die ATKV help om 'n skoolbiblioteek by die Laerskool Klappmuts van die grond af te kry. Ons kon ook vier dose boeke aan Petunia Primêr in Kraaifontein skenk vir hulle nuwe skoolbiblioteek. Ons kon ook 'n hele aantal prenteboeke op bruikleen gegee vir 'n D.Phil-student vir navorsing.
- Ons ontvang 2 223 boeke (vier titels) van *On the Dot* om te gebruik na goeddunke. Met die hulp van lede en goedgesindes kon ons reeds aan CPUT, FAK Afrikaans Ekspo, Jeugberaad van die ATR en verskeie skole (Kuilsvier, Paarl, Humansdorp, Jeffreysbaai, Murraysburg, Hawston, ens.) boeke skenk, maar het nog heelwat oor.

Afrikaans binne 'n meertalige land

- **PANSAT:**

Dr. Combrink is aangestel as lid van NTLA. Soos tevore gebeur daar nie veel nie omdat Pansat nie genoeg fondse van die regering ontvang nie. Dis 'n baie frustrerende toestand.

Kontak met Pansat word verder versterk omdat Amanda saam met dr Nomfundo Mali dien op die bestuur van die Xhosafrika-netwerk.

- **Basic Afrikaans The Top Thousand Words and Phrases:**

In samewerking met die WAT en Pharos, verskyn hierdie woordelys in Maart 2011 en word dit bekendgestel tydens die Woordfees op 7 Maart 2011. Prof Magda Fourie-(US viserektor Onderrig) was die spreker. Hierdie lys het sy oorsprong gehad in 'n versoek van 'n jeugorganisasie om aan besoekende jongmense iets oor Afrikaans te leer. Die inleiding van die boekie is selfverklarend:

The idea behind this vocabulary list is to support people who don't speak Afrikaans in learning more about this wonderful language and to make them feel welcome in an Afrikaans setting.

The request for such a list of words initially came from a youth organisation, Youth for Understanding, which brings young people from all over the world to South Africa. The organisation wanted something about Afrikaans that could tell these young people something about the language, something that they could take home with them on returning back home. As the project progressed it soon became clear that this publication might have a greater value than intended initially, and we can only hope that it will bring a new perspective and understanding regarding our South African cultural and linguistic diversity.

Die boekie trek baie aandag met resensies in onder meer *Die Burger*, *Taalgenoot*, *Bolander* en *Beeld*. Tot op datum is daar 1 800 eksemplare verkoop met 1000 op bestelling van Leserskring. Die VVA het reeds R1969.19 aan tantième ontvang.

Betrokkenheid by Erfenis

Behalwe vir die Amanda de Stadler se betrokkenheid by die ES en VTM se direksies, het die VVA die volgende projekte wat sy betrokkenheid by Erfenis in SA manifesteer.

Historiese dagboek: Ons historiese dagboek, *Dae uit die geskiedenis*, is gedurende 2009 voltooi en verkoop steeds goed. Spesiale dank aan Rina Grove (wat as samesteller en hoofskrywer opgetree het) en Nolte Smit vir die reuse-werk wat hulle gedoen het. Dankie aan Griffel Media vir die hartlike samewerking. Daar is tans 700 kopieë oor by die uitgewers.

Kaart van Tafelberg: hierdie kaart is in 2003 deur Amanda de Stadler en Gideon Joubert vertaal in 'n poging om Tafelberg vir Afrikaanssprekendes (veral die jeug) toeganklik te maak. Die kaart is terselfdertyd deur Mhlobo Jadezwi in isiXhosa vertaal. Pogings word tans aangewend om nuwe lewe in die projek te blaas aangesien die klimaat daarvoor nou ryp is. Die projek was in 'n sekere sin sy tyd vooruit.

Die **Louw-huis te Sutherland:** Mev Aret Lamprecht is die nuwe voorsitter. Meé Cecilia Kruger en Etta Judson, bewaringskundiges van die Erfenisstigting, het die Louw-huis in Desember 2010 besoek en 'n verslag geskryf oor die stand van sake daar. As al die advies gevolg kan word en die fondse gevind kan word om 'n kurator en gidse op 'n volhoubare wyse aan te stel, kan dit 'n puik besoekpunt word.

Intussen is die fondse wat Het Jan Marais Nationale Fonds geskenk het en wat deur die VVA geadministreer word, uitgeput. Wat nou nodig is, is 'n projekplan, opgestel met die hulp van kundiges.

Leipoldt: Op versoek van die VVA is daar onlangs by die **graf van Leipoldt** 'n bord met meer inligting oor die digter aangebring.

Opskrif van musiek wat verlore gaan (Pieter vd Westhuizen): Die **Pieter van der Westhuizen-gedenkbundel** as bewaringsaksie was 'n groot sukses. Ons verkoop die bundels nou teen R160 stuk – dupliseer dit op aanvraag. Oom Pieter se groot lewenstaak is nou veilig bewaar vir die nageslag.

Wes-Kaapse Erfenisraad: die VVA vereenselwig hom met alle poginge en aksies om die erfenisgoedere van die Suid-Afrikaners, met spesiale aandag aan Afrikaans en Afrikaanssprekendes, te bewaar. Daar word aanvaar dat sommige gebeure en persone in die huidige tydsgewrig erg omstrede is, maar die geskiedenis kan nie verander word nie ... hulle was daar! Daar moet probeer word om die geskiedenis in sy geheel in perspektief te stel en nie enkele gebeure en handeling uit te sonder vir kritiek en veroordeling nie. Ons besef egter terdeë dat die bewaring van erfgoed by die plaaslike gemeenskappe tuishoort en ons doen 'n beroep op ons lede en medewerkers om by plaaslike aksies betrokke te raak en hulle deeltjie (hoe klein dit ook al mag wees) te doen. Dikwels kort daar net 'n klein vonkie van 'n entoesiastiese persoon om 'n aksie van die grond af te kry. Moontlik is u daardie persoon!

Uitbou van die Afrikaanse kultuur

Die volgende produkte is die afgelope jare deur die VVA geproduseer. Voorraad daarvan is in die kantoor beskikbaar.

- Die **Kuberwoordeboek** onder redaksie van prof HC Viljoen wat in Februarie 2007 verskyn het, het reeds 'n herdruk beleef. Prof HC Viljoen het tot op datum 'n bedrag van R1 684.17 (sy tantième) aan die VVA geskenk.
- Die Afrikaanse CD, **Ou Vriende**, saamgestel deur dr Etienne Smit, het reeds vir die VVA die bedrag van R51 387 in die sak gebring. Ons eer hom vir hierdie bydrae.
- **Sinfonia africana**: Die moontlikheid van die heruitvoering van die simfonie, **Sinfonia africana**, gekomponeer in opdrag van die VVA deur Hendrik Hofmeyr, word tans ondersoek. Die CD's is uitverkoop.
- **Vespers**: Die vertaling van die Vespers (aand- en oggendgesange) van Rachmaninof het op 14 Augustus 2010 sy hoogtepunt bereik toe dit in die Moederkerk op Stellenbosch vir die heel eerste keer in Afrikaans uitgevoer is deur die Pro Cantu Jeugkoor en die Kaapstad Kamerkoor olv Leon Starker voor ongeveer 600 mense. Daarna volg daar uitvoerings in The Centre for the Book, die Kapel van die Bishops Privaatskool en die St Georges-katedraal in Kaapstad en ook in die NG Kerk Welgemoed. In September is dit in die Voortrekkermonument in Pretoria uitgevoer.

In April 2011 sorg 'n prag-artikel van Martiens van Bart in die *BY* dat die kantoor oorval word met navrae (65) oor die CD wat gelei het tot die verkoop van ongeveer 40 CD's. Amanda het ook op haar besoek aan Nederland CD's geskenk aan proff Hans Ester, Johan Oosterman, Kees Blom en Jos Jooste en dr Lettica Hustinx met die moontlike uitvoering van hierdie werk in Afrikaans in gedagte.

Onderwys

Geletterdheid as sodanig is (volgens afspraak en om duplisering te voorkom) nie ons fokusarea nie. Hierdie werk is die hoofokusarea van die SBA. Hulle doen geletterdheidswerk in kombinasie met bemagtigingswerk.

- Die Vriende het die afgelope jaar hulle tiende **slypskool** vir graad 7-leerders van die Karookop Primêr in samewerking met die Eenheid van Afrikaans (US Taalsentrum) onder leiding van Collena Blanckenberg aangebied.
- 'n Baie suksesvolle slypskool is vir 40 **onderwysstudente** van CPUT aangebied en die volgende een word vir Oktober 2011 beplan. Ons ondersoek tans die moontlikheid dat daar in die toekoms op onderwysstudente gekonsentreer sal word aangesien meer kinders op die lang duur so bereik kan word. Op 23 Julie 2011 bied ons in Atlantis 'n werkswinkel aan vir 24 leerders en 12 onderwysers uit verskillende skole in die omgewing. So kan 'n groter groep leerders voordeel trek uit die vaardighede wat hulle onderwysers kan toepas in die leersituasie.
- Om ook die jonger kind te betrek, het die VVA en ATKV kragte saamgesnoer en in Mei 2011 begin met 'n leesuur (**Leesfees**) vir voorskoolse kinders. Die projek is nog in sy kinderskoene. Die voorlesings is eers by die ATKV se hoofkantoor in Stellenbosch gehou, daarna na die openbare biblioteek geskuif, maar voortaan gaan die voorlesers liewer na die skole. (Meeste ouers wil nie graag hê dat die kinders die skoolperseel

verlaat nie.) Die VVA is verantwoordelik vir die voorlesers terwyl die ATKV die skooltjies identifiseer en die nodige reëlings tref.

Handhawing van Afrikaans

- **VVA-taalaksie**

Een van die heel eerste projekte van die Vriende, om die publieke sektor te oortuig om Afrikaans ook te gebruik, gaan steeds voort. Dit word sedert 2002 die **VVA-taalaksie** genoem. Gideon Joubert was vir baie jare vir hierdie aksie verantwoordelik. Nolte Smit het intussen by hom oorgeneem. Getrou aan die VVA se beleid om positiewe gedrag te beloon, het Nolte die afgelope jaar geskryf aan instansies soos Woolworths, Edgars, Checkers e.a. om hulle te bedank vir die moeite wat hulle met Afrikaans doen.

Die kantoor hanteer 'n groot hoeveelheid taalnavrae, verskaf inligting oor Afrikaans, oor speltoetsers, doen vertalings, ens.

- **Kwakunje, Kwazulu-Natal:** Op versoek van dr Eugene Campher is Amanda besig met die vertaling van 'n toerismepamflet van hierdie toerismebesoekpunt (opelugmuseum van 'n stat wat tradisionele leefwyse demonstreer) naby Ladysmith.

Die VVA hanteer sake waar ons dink ons 'n verskil kan maak en moedig lede aan om self aan hierdie aksie deel te neem - maar altyd op 'n vriendelike manier.

Soos reeds vermeld, voeg die VVA voeg ons stem by die sambreelorganisasie (ATR) wanneer dit oor groter nasionale Taalaksies handel.

Nuwe projekte

- **Terminologiebank:** die VVA het pas 'n meertalige terminologiebank geregistreer (www.meertaligeterminologiebank.co.za of www.multilinguaterminologybank.co.za). Dit sal 'n webwerf wees met skakels na soveel as moontlik terminologielyste in soveel as moontlik SA-tale. Hierdie terminologiebank vorm deel van ons visie om Afrikaans te bewaar binne 'n meertalige SA.
- **Joernaal van Jorik:** die enigste opname van hierdie werk, 'n kasset, is pas op CD gesit en die gehalte is van so 'n aard dat daar met hierdie projek voortgegaan sal kan word.
- **Teks en tafel:** die Spitsraad is besig om olv dr Coertzen Afrikaanse tekste te versamel wat handel oor die Afrikaanse koskultuur. Hierdie projek moet nog uitgewerk word, maar het groot moontlikhede. Die VVA sal dit waardeer as lede en belangstellendes vir ons help om tekste te soek waarin daar oor kos geskryf word. Stuur dit vir ons aan met die nodige bronverwysings asseblief.

Nog net drome - toekomstige projekte

- Ons beoog om 'n volgende **musiekpersoonlikheid** (of twee) te vereer. Ons het dit al begin bespreek, maar dringende sake moes voorrang geniet.
- Ons sou ook graag jaarliks 'n **skrywer** wou vereer op die een of ander manier. Dis ook nog onder bespreking.

- Ons wil bemiddel dat die “**moppies**” wat jaarliks deur die Kaapse Klopse en maleierkore uitgevoer word, opgeteken word sodat dit nie verlore gaan nie.
- Ons wil jaarliks ‘n byeenkoms reël met **studenteleiers**, maar volgens hulle behoeftes.

SAMEVATTING

Die afgelope jaar was ‘n goeie en vrugbare jaar vir die Vriende. Ons het die meeste van ons doelwitte vir die jaar bereik. Ons het nuwe vriende gemaak, ons netwerk is uitgebrei, ons het gehelp om Afrikaans as ons erfenis uit te bou en te bewaar en ons het boeke versprei onder kinders.

Die hoogtepunte van die afgelope jaar was ongetwyfeld die publikasie van *Basic Afrikaans* en die vertaling van die *Vespers*. Om af te sluit lees ek vir u ‘n brief voor wat mev Helene Dippenaar, die vertaler, uit Rusland ontvang het nadat haar seun die CD aan ‘n Russiese vriend gestuur het:

We have received CD Racmaninof from Chris. Performance was beautiful! We listen to this CD also in designer office (die skrywer is ‘n ontwerper) at work and some of my collaborators made copies of ours. I and all we thank you for translation in Afrikaans. I think it is wonderful when the best models of culture of one people become as property of other people. It is one of the moments of modern civilizations development in the world where too much of hatred and lack of understanding is.

Yours

Gennady (Tihonof)

Ek dank u.